GLO UIT DIE HART

[Broer Branham lees Jakobus 5:12, terwyl die bandopname begin—Red.]

. . .ook geen ander eed nie; maar julle ja ja wees en julle nee nee, sodat julle nie onder 'n oordeel val nie.

Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand onder julle opgeruimd? Laat hom psalmsing.

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.

En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Want die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.

Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;

En hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.

Broers, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer,

Laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigde sonde sal bedek.

2 In die laaste hoofstuk van die Boek van Markus. Die 16de hoofstuk, en die laaste vers van die 16de hoofstuk van Markus, lees ons hierdie Woorde.

Hierna het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle dié nie geglo het . . .Hy wat uit die dood opgestaan het nie.

En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.

Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

En vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

Slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

3 "Die gebed van die geloof sal die kranke red." Nou, terwyl ons ons hoofde buig in gebed, laat ons almal, saam, op ons eie manier, en elke mens op sy eie manier, laat ons die gebed van geloof vir hierdie siek mense bid vanmôre. Dan wil ek hande lê op hulle, saam met die ouderlinge. Dan het ons presies gedoen wat God se Woord gesê het. Want, dis reguit waarnatoe ek gaan, met my Boodskap.

Nou kom ons bid.

4 Ons Hemelse Vader, soos ons hierdie lied na U bring, die melodie van *Glo Net*, betuig dit aan U ons gevoel teenoor U Woord. En die siekes is gesalf volgens U Woord, en nou gaan ons hierdie gebed van geloof bid, na die beste van ons kennis, om U gebooie na te kom. En ons besef, selfs in ons swakheid, dat U meer as in staat is om ons swakheid te oorwin met U Krag en goedheid. En dan gaan ons die ouderlinge ondertoe bring, om hande op die siekes te lê, om elke opdrag te vervul wat ons weet deur ons Here gegee is.

5 En ons bid, Here, dat ons genade in U oë gevind het, na al hierdie jare, steeds probeer om U gebooie te gehoorsaam. En nou bid ek, saam met hierdie groepie vanmôre, diegene wat U vir ons gestuur het, want hulle is behoeftig, hierdie mense wat hier is om voor gebid te word. En ons doen hierdie gebed vir elkeen van hulle. U ken hulle harte en U ken hulle begeertes.

6 En ek bid hierdie gebed van geloof, saam met hierdie kerk, dat U elke begeerte wat hulle het, aan hulle sal manifesteer. Mag dit net nou 'n werklikheid word. En mag, soos hulle hierdie kerk verlaat, vandag, mag hulle gaan soos Abraham van ouds, daardie simptome noem asof hulle nie daar is nie, en alles ontken wat teenstrydig sou wees met die seëning wat ons gevra het. U het in U Woord belowe dat dit sou gebeur, en ons glo dit.

7 Nou, saam met hierdie manne wat U gekies en geroep het om predikers en ouderlinge te wees, gaan ons hande op hulle lê net soos wat ons . . . asof ons hulle sou doop. En hulle is gesalf. Die gebed van geloof is gedoen, en hande word op hulle gelê. Ons bid dat hulle geloof nou na U sal kyk, O Almagtige God, en gesond gemaak word. In Jesus se Naam bid ons.

8 Nou, ek vra die ouderlinge, kom reguit ondertoe langs die ry af, soos ons hande op hulle lê. Soos elkeen jou hand plaas op die . . . [Leë kol op band. Broer Branham en die predikers bid vir die siekes—Red.]

9 Julle my julle onverdeelde aandag sal gee, net vir 'n paar oomblikke, as julle sal. Ek sal probeer om nie te veel tyd in beslag te neem nie, soos ek my horlosie hier neerlê, om seker te maak.

10 En, Broer Beeler, ek dink jy beheer die bandopnemer, aan die ander kant. En Leo en Gene is nie hier nie. So ek wil hê jy moet, as jy sal, hierdie getuienis opneem wat ek binne 'n paar minute sal gee, om na Broer Boze toe gestuur te word, hy hierdie sal optel.

11 Ek wil graag lees, vanmôre, uit die—die Boek van Markus, die 12de hoofstuk. Ons wil 'n gedeelte hiervan neem en Dit lees, en omdat Dit God se heilige, onvervalste Woord is. En ons glo dat God in Sy Woord is. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En ons bid dat God Sy seëninge Daarby sal voeg, soos ons Dit lees, en ek is seker dat Hy sal.

12 En dan wil ek nog 'n gedeelte van Sy Woord neem, uit Handelinge, die 1ste hoofstuk. En ons sal daaruit lees. En ek vra die Here dat Hy Sy seëninge sal byvoeg by—by die lees van Sy Woord.

13 Ek het net hier gekyk. Ek het 'n merkie hier gehad in my—in my Bybel, waaruit ek eers wou lees, maar ek dink nie ek kan dit nou kry nie. Verskoon my net vir 'n oomblik, totdat ek dit kan kry, as ek kan. Ek het gedink ek het dit gehad.

> . . . Jesus het *vir hulle* gesê: *Julle moet geloof in God hê,*
>
> *Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef* jou *op . . ., en nie in jou hart twyfel nie, maar . . . glo dat* wat jy sê*, sal gebeur, jy sal verkry net* wat jy sê.

14 Nou, oorkant in Handelinge, die—die 1ste hoofstuk en die 8ste vers.

> *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as die . . . Judéa en Samaría en* tot *aan die* uiterste dele *van die aarde.*

15 Ek wil graag julle aandag vestig op die Woord van die Here, vanmôre, net vir 'n oomblik. En ek wil hê julle moet die uiterste aandag Daaraan skenk. Luister aandagtig. Die waarde van hierdie Woord!

16 Na vyf–en–twintig jaar van bediening vir die Here, in Sy werk en in Sy Woord; en nadat hierdie was, in my twaalfde jaar van internasionale evangelisasie is; en deur die genade van God, om tiene van duisende van—van mense te ontmoet; en ons Here te sien wen in ons eie veldtogte, nou soos ek gesien het, vir Hom, o, amper omtrent tweemiljoen mense, of eenmiljoen vyfhonderdduisend, daar iewers rond, in die dienste. Ek het tot hierdie gevolgtrekking gekom, en van al ons pogings, ensovoorts. Dis onmoontlik vir God om enigiets vir die mense te doen, voor die mense dit nie eers bevestig het as die Waarheid nie. Jy kan net nie. Maak nie saak . . .

17 Ek het groot meesterstukke van ons Here gesien, in die—die Woord, wat die Woord beter kon verduidelik as enigiemand wat ek ooit gesien het, en tog nie die program kan tuisbring nie.

18 En ek het in my gedagte, vanmôre, 'n sekere man wat, ek dink, een van die beste radioprogramme op die lug het. Maar daar's op 'n manier, die man kan nie sy program tuisbring nie. Dis Dr. Wyatt, 'n ware leraar. Maar daar's iets verkeerd; ek weet nie waar dit is nie. Hy het die visie, hy het die idee, hy het die vermoë, maar hy kan eenvoudig, skynbaar, net nie die program aan die gang kry nie. Die program wat hy het, is streng volgens die Woord, en dit behoort die wêreld op hulle knieë te dwing.

19 En ek het hier gesien, nie lank gelede nie, in Louisville, waar ek Dr. Mordecai Ham en baie groot teoloë wat ek ken, gesien het, wat baie beter prediker is as die jong agt–en–dertig– of veertigjarige, rooi-kop-evangelis wat uitgestap het op die platvorm, verby daardie mans, en hulle 'n agterste plek ingeneem het. En daardie aand daar gestaan, was nie een tiende of een honderdste die prediker wat daardie mans was wat agter hom gesit het nie, hoewel hy 'n program van God gehad het en dit tuisgebring het: Billy Graham.

20 Ek het daardie dinge opgelet. En deur na hulle op te let, toe het ek by hierdie gevolgtrekking gekom. Maak nie saak wat jy is nie, God moet die gehoor verskaf. En maak nie saak of ek hier kon staan vanmôre en die dooies opwek tot die lewe, en die kreupeles terugbring na hulle normale toestand, en, tog, God nie in die program is nie, sal dit nêrens kom nie. God moet in die program wees.

21 En enige man, word geken, sy karakter word geken aan sy werke. Maak nie saak wie hy is nie, sy werke bewys sy karakter. As jy 'n man neem, maak nie saak hoe goed hy probeer wees nie, as sy werke boos is, sal al sy goedheid tot niks kom nie. En 'n man se woord is sy karaktereienskap. 'n Man wat, sy woord niks werd is nie, dan sal jy nooit enige vertroue in daardie man hê nie, omdat sy woord niks werd is nie.

22 So, daarom, God, ons Vader, Sy karakter en Sy werke bewys wat Hy is. Nou, ons weet dat hierdie wêreld hier gekom het deur 'n groot Skepper. Dit kon nie maar net gebeur het nie.

23 Nou, ek wil hierdie net 'n paar oomblikke net so eenvoudig as moontlik laat wees. Maar ek wil hê julle moet dit begryp, en bid dat die Heilige Gees dit reg in die Lig in sal beweeg waarin dit hoort.

24 Nou, as julle net sal kyk en die bome sien groei; en die takke en die blare, hoe hulle kom en gaan, en die blomme; die lente, die herfs, die winter, die somer. Daar moet iets agter dit wees. Daar kon nie 'n boom wees, as daar nie 'n intelligensie was om dit 'n boom te maak nie. Maak nie saak watter tipe lewe daarin

sou wees nie, daar moet 'n intelligensie daaragter wees, om dit te maak wat dit is.

25 Nou dink daaraan, reguit nou. Moenie laat dit verbygaan nie. Dink diep daaraan. Want, as julle sal oplet na ons Skrifles, Jesus het gesê: "As jy in jou hart sal sê!"

26 Nie in jou intellek nie; dit sal nooit daar werk nie. Maak nie saak hoeveel jy probeer om dit te laat werk nie, dit sal nie werk nie, want dis intellektueel en het 'n einde.

27 Maar wanneer enigiets Ewig is, het dit geen einde nie, en dit het geen begin gehad nie. Enigiets met 'n einde, begin, het 'n einde. Maar dis net daardie dinge wat geen begin het nie. En net God het geen begin of geen einde nie. En, dan, om hierdie dinge te hê wat 'n begin het, moes daar iets wees sonder 'n begin, om die begin te laat begin.

28 Die eerste boom wat ooit gemaak is, soos die een wat Jesus hier vervloek het. Gesê: "Geen vrugte groei aan jou van nou af nie. Niemand eet van jou nie." Daar moes iewers wees, wat daardie boom 'n begin gehad het. En dit het 'n einde gehad; toe die woorde, daardie van die lippe af van die Een Wat dit 'n begin gegee het, dit na die einde geneem het. So, julle sien hoe Ewig Sy Woorde is.

29 Maar ons het net die Woord op 'n intellektuele grondslag aanvaar. En soveel algehele mislukkings gesien, totdat dit net die mense by 'n punt gebring het dat hulle net nie weet wat om te glo nie. Hulle het net 'n klomp los punte aan hulle—hulle godsdiens. Hulle hardloop net uit op uiterstes na *hierdie* kant, en uiterstes *daardie* kant, wat aan 'n einde kom, en hier kom hulle teruggekruip. Groot bewegings begin en hulle hardloop uit soos die Metodiste, die Baptiste, en die Pinksters, en dit alles. En, die eerste ding waarvan jy weet, kry hulle 'n klein psigiese idee, en hulle hardloop uit op die uiterste en hulle het 'n lekker tyd. Maar, die eerste ding waarvan jy weet, bevind hulle hulleself aan die einde.

30 Maar die enigste dinge wat ooit standhou, is die Ewige dinge, en die Ewige dinge is God.

31 Nou, as julle sal oplet, 'n man wat geken word aan sy—sy karakter, word geken aan sy werke. As ons sou dink aan hoe God Sy karakter wys deur Sy werke. Hy het Sy Eie karakter, en Hy het Sy werke gemaak. En as jy na Sy werke kyk, hoe groot is hulle!

32 Nou laat ek elke wetenskaplike in die wêreld uitdaag om vir my een boom te bou. Laat ek elke wetenskaplike in die wêreld uitdaag om vir my een eenvoudige grashalmpie te maak. En dis totaal onmoontlik.

33 Wel, dit lyk dan asof, deur daardie dinge te oordink, dat daar 'n plasing kon wees, deur die Woord te lees, 'n geloof wat bokant

die intellektuele begrip sou gaan, binne–in die hart in. Jesus het gesê: "As jy in jou hart sou sê!"

34 Nou, ons raak heel verbouereerd in ons gedagtes, en ons gaan uit en sê: "O, ek het gesien hoe *dit* gedoen is. Ja. Ek's . . . " En nou en dan, hop, spring dit, ensovoorts, maar dit lyk asof dit net nie reg kan beweeg nie. Is omdat ons die intellektuele probeer meng met die bonatuurlike. Hulle het hoegenaamd niks met mekaar te doen nie. Intellektuele sal een ding sê, en die bonatuurlike sal 'n ander sê.

35 En enige mens wat ooit deur die Gees van God gelei word, het geen gedagte aan enige intellektuele nie, maar hy word uit sy hart gelei deur die Gees van God. Hy word misverstaan. Mense sê: "O, hoe kan dit wees?"

36 Op hierdie oomblik kry ek briewe en telefoonoproepe: "Jy bedoel, Broer Branham, dat jy nie oorsee sal gaan nie? Na al hierdie groot . . . "

37 Maar, dit lyk wonderlik, maar Iets ver onderin, het gesê: "Wees versigtig."

38 En, daarom, kyk ons nie na wat ons sien nie. Ons kyk na daardie dinge wat ons nie sien nie, maar, wat God in die hart sê. En as ons aandag kon gee aan daardie dinge, hoeveel te meer deur Goddelike genesing. As God die belofte gemaak het, en dit anker in die hart, wel, waarvoor sal ons intellektuele nog nodig hê? Ek kyk nie na my siekte nie. Ek kyk nie na my simptome nie. Ek kyk na wat God daarvan gesê het. Want, na alles, Hy is die Baas, en die hoogste Baas. As die dokter *so–en–so* gesê het . . .

39 Nou, as jy dit probeer bluf, sal dit nie werk nie. As jy dit in jou verstand probeer redeneer, sê: "Ja, God se Woord is reg. Ek glo Dit. Ek glo dit sal gebeur. Ek dink *dit*." Nou, as dit intellektueel is, kan jy dit net sowel ophou dink.

40 Totdat Iets afkom aan jou binnekant, wat net sê dis so, en dis al wat dit is. Daar is nie genoeg duiwels uit die hel wat dit ooit uit jou kan skud nie. Dis Iets aan die binnekant, naamlik die "hart." Daar is waar ware geloof sy rusplek vind.

41 Intellektuele sal probeer redeneer daaroor. "Nou laat ons net redelik wees." Maar geloof het geen redenasies nie. Dit het net een ding, en, dis, God se Woord is reg. O, daar is waar die siel sy voete neersit, en net daar Ewiglik rus, want God het so gesê. Nie 'n bluf nie, maar om dit te weet.

42 En die aarde, as God se werk, spreek en getuig dit absoluut van Sy Wese. Daar móét 'n God wees, of daar sou geen aarde gewees het nie. Daar móét 'n Skepper wees, of daar sou geen skepping wees nie. En as hierdie Woord, waardeur Hy die aarde geskape het, die belofte gee, moet dit presies skep wat hierdie aarde geskape het, deur Sy Woord, in die begin.

43 Toe God gesê het: "Laat daar wees," en dit mag tienbiljoen jaar geneem het. Ek weet nie hoe lank dit geneem het nie. Maar hoe lank dit geneem het, dit beteken niks nie, want God is Ewig. En Hy het gesê: "Laat daar wees," en dit het begin ontwikkel, want God het Sy Eie Woord geneem en geglo.

44 En as Sy Woord van Sy skepping, Sy werk hier, bewys dat Hy 'n Skepper is, waarom kan ons dan nie Sy Woord neem vir wat Dit sê en Dit glo nie? Want, dis dieselfde Skepper se Woord. Nou, Sy werke getuig.

45 En, nou, voor God, die onfeilbare Een, enigiets kon spreek, moet dit volmaak wees. Want, dit kan net—dit kan net . . . As dit van God af kom, kom dit van 'n volmaakte kanaal af.

46 Nou let hierna op. Alle mense, alles, mense word geken aan hulle werke.

47 Toe die groot Munisipale Brug gebou is in Sydney, Australië, toe hulle om die wêreld gevra het vir brugbouers, argitekte, en van regoor die skiereiland by—by Sydney, Australië, om na Suid–Sydney te oorspan. Die argitekte en almal het gekom, en die grond opgegrawe en dit getoets. En almal van hulle het tot hierdie gevolgtrekking gekom: "Dit kan nie gedoen word nie." Gesê: "Die hele baai is vol dryfsand. En die grond sal nie goed genoeg aanmekaar bly nie. Dit sal van plek tot plek skuif. Daarom, as die brug gebou sou word, sou dit 'n gevaarlike ding wees om daaroor te probeer gaan."

48 En uiteindelik was daar 'n man, wat 'n man van visie was, 'n brugbouer van Engeland. Hy het oorgekom. En hy het na die sand gekyk. Hy—hy het dit ondersoek. Hy het die grond getoets. Hy het die water gemeet. Hy het dit alles eers ondersoek.

49 O, ek hou daarvan. Hy het dit alles eers ondersoek. Jesus het gesê: "'n Man wat 'n stuk grond koop, of gaan om 'n leër te trotseer, eers gaan hy sit en bereken die koste." Elkeen van julle hier by die altaar vanmôre, hier in julle stoele, sou sit voordat julle kom om gesalf te word, en sou bereken wat dit beteken. Dit sou nie net wees om deur 'n gebedsry te gaan, lukraak nie. Dit sou wees om soontoe te gaan met 'n vaste vertroue, dat, God dit belowe het en God in staat was om Sy Woord te hou.

50 So, hierdie man het die grond getoets. Hy het getoets die . . . elke bodem daarbinne wat die dryfsand gehad het. En, uiteindelik, het hy na die owerhede toe gegaan. Hy het gesê: "Ek sal die brug bou, en dit sal veilig wees."

51 Die brugbouers van Amerika en verskillende dele van die wêreld het net gelag en gesê: "Die man is mal. Geen mens kan 'n brug daaroor sit nie." Gesê: "Selfs al sou 'n hoender oor die brug loop wat gebou sou word, sou dit sink. Die brug kan dit nie hou nie. Die vibrasies van selfs 'n hond wat oor die brug hardloop, sou die brug laat vibreer," gesê: "sou die sande laat skud, en die brug sou ondergaan. Dit kan nie gedoen word nie."

52 Maar hierdie man was ’n man van visie, en hy het geweet waarvan hy gepraat het, want iets onder in hom, het vir hom gesê hy kan dit doen.

God, gee vir ons manne in die kerk, soos daardie!

53 Nou, uit al die wetenskaplike navorsing, dat dit nie gedoen kon word nie, het die wetenskap bewys dit kon nie gedoen word nie. Maar hierdie man het ’n visie gehad dat hy dit kon doen, so hy het die kontrak aanvaar.

54 Vinnig het hy aan die werk gespring. Hy het die grond begin toets. Hy het gaan toets, en die diepte van die dryfsandbodem bepaal. Hy het elke bout getoets. Hy het elke stuk—stuk hout getoets, elke stuk metaal, elke beton. Alles moes presies getoets word. Want, sy—sy groot naam, en sy karakter en sy vermoë, het gerus op óf daardie brug sou staan of nie.

55 En as ’n man van hierdie aarde, deur ’n visie, seker sou wees dat alles presies getoets is, voordat hy dit in ’n brug geplaas het, as gevolg van sy karakter en as gevolg van sy naam, hoeveel te meer het ons geseënde Hemelse Vader elke Woord getoets wat ooit gespreek of geskryf is in die Bybel. Hy het elke Woord getoets, elke profeet. “En elke seun wat na God toe kom, moet getoets word.” Die materiaal wat in hierdie groot Hoofweg ingaan, elke rots, elke materiaal, voordat dit in die—die Liggaam van Christus geplaas kan word, moet getoets word, getugtig. “Elke seun wat na God toe kom, moet eers getoets word.” Geen uitsonderings nie; elkeen! Elke profeet, voordat hy in daardie Bybel kon skryf, is Hy deur die Heilige Gees getoets. Net soos hy . . .

56 Die brugbouer, ek’s jammer, ek vergeet sy naam. Ek het dit geken. Paar dae gelede, het ek die artikel gelees, hoedat hy alles laat toets het. Hy het die beste werktuigkundiges gekry wat hy kon vind. Hy het die beste betonmanne gekry. Hy het die beste gekry wat hy kon vind, om die beste bymekaar te sit wat hy gehad het.

57 O, my siel sou “halleluja” uitroep na God, wanneer ek dink dat God die beste in Sy kerk gesit het, wat Hy kon vind. God neem Sy kinders en toets hulle met ’n suurproef, dan plaas Hy hulle in die Liggaam van Christus, omdat hulle beproef is. Hulle glo. Hulle het deur die toetse gegaan. Hulle het die ondervinding gehad. Hulle is Sy getuies. Hulle weet waarvan hulle praat. Nie net ’n intellektuele begrip nie, maar hulle is wedergebore, uit die kosbare Heilige Gees, en tyd–getoets en beproef, totdat hulle siele soos ’n keisteen gerig is op Gólgota. Ja, hulle is tyd–getoets. Hulle is getuies van Sy Krag. En daardeur, bou God ’n brug van die aarde na Heerlikheid, dat die reisiger op die hoofweg kan kom, onder die boom kan sit, in die koelte van die dag, deur tyd–getoetste materiaal, hulle wat God op Sy Woord neem. Maak nie saak wat die simptome is, die omstandighede nie, dit staan

nie in die pad nie. God het tyd–getoetste materiaal as 'n getuie, en Hy plaas dit.

58 En hierdie groot brugbouer, toe uiteindelik . . . Die argitekte het langsaan gestaan en vir die bouer gesê, baie van die kritici: "Dit sal nooit staan nie."

59 So het hulle gesê: "Die Kerk sal nooit opstaan nie." So het hulle gesê: "Die dae van wonderwerke is verby." So het hulle gesê, dat: "Outydse godsdiens kan nie meer geniet word nie."

60 Maar, o, toe hierdie man al daardie materiale bymekaar gesit het, het hy gegrawe. Hy het blasers gekry, en hy het daardie dryfsandbeddings weggeblaas. Hy het verder af, af, af gegaan, vir honderde voet onder die water, totdat hy daardie dryfsand weggeblaas het, totdat hy hierdie beton geanker het in die rots op die bodem van die see. O, dit was 'n prys, ja.

61 En enigiets wat die moeite werd is om te kry, het 'n prys daaraan verbonde. Hoe groot hierdie verlossing! Wat 'n groot prys!

Maar, hy het uiteindelik onder die dryfsand gekom.

62 En God het Christene geneem en hulle beproef, en hulle beproef, moes hulle afstof, en hulle afstof, en hulle afstof, totdat Hy uiteindelik, een van hierdie dae, afkom na die vaste Rots. 'n Man neem net sy klein afgewaterde ondervindinkie van handskud en by die kerk aansluit, en 'n paar keer besprinkel te word, of gedoop of iets, en Hy was al die dryfsand weg, totdat hy geanker is in die Rots, Christus Jesus. Al die duiwels uit die hel kan hom nie beweeg nie.

63 Die brugbouer het geweet wat hy doen. En toe, uiteindelik, is dit voltooi, party van hulle het gesê: "Dit sal nie staan nie. Dit sal gevaarlik wees vir enigiets om daar oor te gaan."

64 Hy het 'n klomp ingenieurs daarnatoe laat kom, en met spoorweë. En daardie dag toe hulle oorgegaan het van Suid–Sydney af, na Noord–Sydney, oor die oorspanning, het hy omtrent agt groot volgelaaide goederetreine gesit. En hy het die burgemeester van die stad in 'n motor gesit, en hy het voor dit uitgegaan, geloop, die vlag gedra. En soos die groot leër en die groot, agt groot volgelaaide stoomlokomotiewe, oor die brug marsjeer het, met die bouer wat die eerste plek inneem, wat vooruit gaan, het sy nooit eens beweeg nie.

65 En Jesus Christus, God se Seun, Wat die Argitek van die Kerk is, het na hierdie aarde toe gekom en die fondasie gelê. Toe Hy die duiwel ontmoet het, is Hy getoets deur die Woord van God, en Hy het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie.'" Toe hy Hom na die bo–punt van die tempel toe geneem het, het Hy gesê: "Daar staan geskrywe." Sien die materiaal wat Hy in Sy Kerk gesit het? Hy het Hom na die berg

toe geneem, en Hom al die groot programme gewys wat Hy kon hê; Hy het gesê: "Daar staan geskrywe."

66 Die hele Woord van God is tyd–getoets. En Hy is die groot Kaptein wat voor ons uitgaan, met Sy Eie bloederige kleed wat waai, dat, deur die verlossingsliefde van die Bloed van Jesus Christus, 'n Kerk gekoop is, deur die Heilige Gees wat elke bout getoets het en elke persoon wat ooit geanker het in hierdie groot Kerk van die lewende God. Dis 'n tyd–getoetste materiaal wat dit doen.

67 En soos Hy voortmarsjeer, die groot regime wat agter Hom aankom, as 'n wedergebore Kerk van die lewende God, beweeg Sy nie, omdat ons 'n Koninkryk ontvang het wat nie beweeg kan word nie. Dit is tot by die vaste Rots uitgegrawe, van Christus Jesus, wat die Hoof Hoeksteen is. En soos Hy voor ons uitgaan, met Sy Eie bloederige kleed, wat die weg baan, is dit die teken van verlossing.

68 Getuies! "Julle sal My getuies wees, in Jerusalem sowel as in Judéa en in Samaría." Sy Kerk staan as Sy getuie. Nou, vanmôre, wil ek graag dit sê en dit by julle laat. Ons is Sy getuies, nadat julle die Heilige Gees ontvang het. Want daar is net een ding waarvan jy kan getuig, dit is, wat jy weet die Waarheid is.

69 Daardie kêrel kan getuig, nadat hy al die sand weggeblaas het en die vaste rots op die bors van die aarde gevind het. Hy was 'n getuie dat dit sou hou. Hy het die Geiger's en die masjiene op daardie groot stukke materiaal geplaas en elkeen van hulle getoets. Hy was 'n getuie dat hulle sou hou, want hy het gesien dat sy krag beproef is en dat sy gehou het.

70 En ons, wat wedergebore is deur die Heilige Gees, wat gevul is met God se Krag, wat die Ewige Lewe van die Ewige God geproe het, en Wat in ons woon, is getuies van Sy goedheid, en Sy Woord, en Sy Krag. Dis nie meer 'n reken–so nie. Dis 'n weet–so, deur ondervinding.

71 Noag, toe hy die ark gebou het, het hy getuig aan die ongelowige wêreld, dat daar 'n regverdige God was. Hoewel dit kranksinnig gelyk het toe dit gebou is, maar dit het bewys dat dit die enigste boot was wat deur die storm sou dryf. En terwyl dit gebou is, was dit . . . Hy het die ongeregtige wêreld veroordeel, en diegene wat daarin geglo het, geregverdig.

72 Hoe belaglik doen God partykeer dinge, in die oë van die mens. Het jy ooit gestop om te dink uit watter soort hout Naog die ark gebou het? Dit is uit akasiahout gebou. En dit is die sagste hout wat jy kan kry. Dis net soos balsa. Dis 'n . . . Wel, jy gooi dit in die meer daaronder, dit sou binne vyf minute sink. Dis balsahout, of akasiahout, het gate daardeur. En is dit nie iets vreemds dat 'n ark, wat die toets van die groot sondvloedvernietiging moes deurstaan, gemaak is uit sagte hout nie? Wel, dit was bewerkbaar.

73 En partykeer, wanneer ons so hard word en gevestig raak in ons weë, kan God ons nie aanwend vir enigiets nie.

Maar hier is die rede waarom Hy dit gedoen het.

74 Het julle opgelet? Nadat hy dit gemaak het, toe het hy 'n bietjie teer gekook, of 'n bietjie harpuis, was dit, uit die ander bome. Nou, wat beteken dit? Toe hy die ark aanmekaar gesit het, is dit gemaak uit hierdie baie ligte, sagte hout. Jy kon dit baie maklik oral oplig, dis so lig en soepel. En toe het hy 'n ander boom afgekap, wat 'n denneboom was. En hulle het dit geslaan, die manier waarop hulle dit altyd gekry het, dit geslaan en dit geslaan, totdat hulle die harpuis daaruit geslaan het. En dan het hulle hierdie harpuis geneem en dit in hierdie ligte hout ingegooi, en die klein gaatjies wat in die ligte hout was, het vol geword met die harpuis, bedek, dit harder as staal gemaak.

75 En God het Sy Kerk geneem, wat hulleself leegmaak, en niks behalwe die plooibare in die hande van God nie. God het Sy Eie Seun afgekap, en die lewe uit Sy Seun geneem, deur slae en kneusings, en dit in die gelowige ingegooi; en hy word bedek, gereed vir die oordele. Dis die enigste ding wat die oordeel sal verduur.

76 Dit het reg bo-oor die oordele gegaan. Want, sy het regdeur gegaan. Die—die water was die oordeel. En dit het deur die oordeel gegaan. Dit was die getuienis dat God geweet het wat Hy doen. Noag het die Woord van God gevolg. Baie dinge kan gesê word.

77 Daniël was 'n getuie, dat daar 'n Engel in die Hemel was, of 'n God in die Hemel, wat die verborgenhede van die hart geken het, want Hy het Sy Engel gestuur en Daniël verlos. Baie ander was getuies.

78 Toe Jesus op die kruis gesterf het, het die hemele getuig. "Daar is die materiaal. Dit is die ding." As julle sal oplet, die hele skepping het daarvan getuig.

79 "Reg in die middel van die dag." Toe God geprofeteer het, tevore, wanneer die sabbat sou eindig, gesê: "Dit sal 'n tyd wees wanneer die son ondergaan in die middel van die dag." "En vanaf die sesde tot die negende uur, was dit donker." Wat was dit? Die son . . . Nou, 'n duisternis beteken nie dit het 'n bietjie lig daarin nie. Duisternis is absolute, algehele duisternis, so donker, soos dit in Egipte was, tot dit gevoel kon word. Nie 'n straaltjie lig nie!

80 En die son het getuig: "Daar's die Een. Dis die materiaal waaruit God die Kerk gaan bou." Die maan en sterre het getuig. Toe Hy gesterf het, het die hemele getuig. Die aarde het opgebreek, die rotse het geskeur. Die aarde het getuig. En die heiliges wat in die aarde geslaap het, stof van die aarde, het opgestaan, het getuig.

81 Die mense by Pinkster, toe hulle gespot het, het Petrus opgestaan en getuig deur van daardie selfde Lewe wat uit Hom uitgeslaan is by Gólgota, in Petrus ingegooi is, in die vorm van die Heilige Gees. En hy het daar gestaan as 'n getuie, God se Woord, en hy het getuig met 'n teks uit die Skrif, wat gesê het: "Julle manne van Judéa, julle wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. Want hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: 'Dit sal gebeur in die laaste dae, dat Ek My Gees sal uitstort op alle vlees.'" Hy was 'n getuie.

82 Nou kom ons in hierdie laaste en bose dae in, wanneer Hy getuies gaan hê. Hy moet getuies hê. God lewe. God se Woord is Ewig.

83 Nou, laat ons teruggaan na ons Skriflesing. Toe Jesus van die berg afgekom het, was Hy honger. En Hy het in 'n boom opgekyk, en daar was geen vrugte daaraan nie. Hy het, miskien, nooit Sy stem verhef nie.

84 Hy het nooit opgestaan, gesê: "Nou menere, staan eenkant toe. Ek wil vir julle My krag wys," nie. Hy het gesê . . . "En Ek het krag om daardie boom so–en–so te laat maak." Hy het dit nooit gesê nie.

85 Hy het net nadergestap na hom. Hy het nie enig—enigiets aan hom gevind nie, so Hy het gesê: "Laat niemand van jou eet nie," weggestap.

86 Petrus het dit gehoor. En die volgende dag, toe hy verbygekom het, o, die boom was steeds daar, maar dit was dood. En hy het daarna verwys, hoe vinnig daardie boom verdroog het, van sy wortels af. Jesus het gesê: "Nie . . . "

87 En, kyk, dit was nie die boom se skuld nie. Dit was nog nie tyd vir vye nie. Maar Hy het dit gedoen om Homself groot te maak, om Homself te bewys. Om . . . Hy was die Messias, en dit was een van die getuienisse dat Hy die Messias was. Dit was die seël van Sy Messiasskap. Die laaste seël was Sy opstanding, Sy hemelvaart. Dit was die laaste seël van Sy Messiasskap. Wat Hy gedoen het, was 'n bewys dat Hy was. Nou, Hy het nooit rondgegaan, gesê: "Gaan al julle bome dood," nie. Hy het dit net daar gedoen sodat die dissipels, wat hierdie Skrif later sou skryf, sou weet dat Hy die Messias was. Sien?

88 Nou, toe, toe Petrus Hom hierdie vraag gevra het: "Kyk hoe vinnig het die boom verdroog!"

89 Toe het Hy vir hulle gesê: "As julle vir hierdie berg sê: 'Hef jou op, en werp jou in die see,' en nie twyfel nie, maar glo dat wat jy sê, sal gebeur, sal jy verkry net wat jy sê."

90 Luister nou. Dit is deel van die materiaal van hierdie groot ekonomie van God, hierdie groot skip waarin ons is, die ou skip van Sion, in die Liggaam van Christus.

91 Nou na die getuienis! Dit was al geruime tyd, wat ek dit dopgehou het. En nou, luister nou aandagtig, vir 'n klein lessie.

92 Daar was tye in die lewe wanneer alle . . . Wanneer ek gekyk het na die lyding, en hulle gesien het wat siek is en geteister deur duiwelse magte, my hart net bloei vir hulle. En, tog, ek het hulle my laat skakel op die telefoon, en in die dienste, daardie rumoer, en beweging, en trekking, en trek, en dis so moeilik om "nee" te sê vir daardie mense. Eintlik, kan ek dit nie doen nie; iemand moet dit vir my sê. Ek kan nie by hulle uitkom nie. Hoe my hart net bloei vir hulle. Dag na dag, gaan ek deur die foltering daarvan, en partykeer wonder ek.

93 En, ek, dan troos ek myself, deur terug te gaan na die Skrif, en Hom deur daardie plek van Betésda te sien gaan, en al daardie kreupeles en beproefdes te sien; en na een man toe gegaan, hom genees, wat op 'n draagbaar gelê het, en weggeloop en die res gelos het. Maar, steeds, onder in my hart, maak dit my . . . Dit neem nie daardie brand weg nie. O, hoe ek wens daar was iets wat kon gebeur!

94 Toe het ek opgelet, oorkant in Portland, Oregon, toe daardie maniak daardie aand na die platvorm toe gehardloop het, om my dood te maak. Ek het onthou daar, iets het gebeur, en dit was glad nie in die intellektuele nie. Intellektueel, sou ek gehardloop het, soos die res van die predikers het. Maar, ek het nie gehardloop nie. Daar was iets; God was gereed om Sy kragte te wys.

95 Eenkeer, het Hy gesê: "Wees stil en weet dat Ek God is." As die Kerk net lank genoeg sal stilstaan! God sal 'n klein ietsie doen, en hulle sal baie opgewonde raak en rondhardloop, dit doen, sien, buite die wil van God beland. Wees stil.

96 Eenkeer sou Hy Sy Krag wys in die Skelfsee. Hy het gesê: "Skelfsee, staan jy net stil." En Hy het Sy kinders reg daardeur gemarsjeer. Wat as hulle sou omdraai, sê: "Laat ons dit weer doen, Here"? Dit sou nie gebeur het nie. Beslis nie.

97 Eenkeer het Hy 'n bietjie tyd nodig gehad om 'n geveg te voltooi. God het net die son laat stilstaan, oorkant, om te kyk wat Hy sou doen. Ja. "Nou, son, staan jy net stil, oorkant, 'n paar minute. Ek gaan jou iets wys." Nou, wat as Josua die volgende dag sou sê: "Son, staan stil"? Dit sou dit nie gedoen het nie. God sou iets doen. Hy sou 'n getuienis van Sy Krag wys. Sy Woord, Hy's Almagtig, en Hy het 'n getuienis Daarvan gegee.

98 Eenkeer, was daar 'n blinde man wat uit Jérigo gekom het. En terwyl Jesus verbygegaan het, het die blinde man geskree: "Wees my genadig!" En die Bybel het gesê: "En Jesus het stilgestaan, gesê: 'Bring hom hiernatoe.'" O, goeiste! Christus het stilgestaan, want God sou Hom gebruik om Sy Krag te wys.

99 Daar kon nog 'n honderd blinde mense gewees het in die pad af; ek weet nie. Miskien die priester wat gesê het: "Kom 'n oomblik hier! Wie is U Wat die dooies opgerig het? Rig op . . . Ons

het 'n begraafplaas vol van hulle. Ons het gehoor U het Lásarus opgerig." Maar, God was besig om Sy Messiasskap te bevestig. Dis wat Hy gedoen het. Sekerlik.

100 Ek het dikwels gewonder wat gebeur. Maar daar is 'n plek waar mense kan lewe, so naby, in die Teenwoordigheid van God. Dis nie volgens jou keuse nie. Dis deur God se uitverkiesing, dat jy in daardie plek lewe, tot waar jou eie intellektuele niks meer daarmee te doen het nie.

101 Onder in Suid–Afrika, is ek uitgedaag deur 'n klomp toordokters. En deur daar te staan, een onder die meer as 'n dosyn, en hulle wat towerspreuke op my probeer gooi. Maar God het hulle net laat stilstaan en die Heerlikheid van God laat aanskou wat sig herstel, en blindheid, goed aan die beproefde mense.

102 Oorkant in Karlsruhe, Duitsland, een middag toe die spiritualiste uitgekom het, om . . . hulle wou met my baklei, by die hotel. Die man wou hulle nie laat inkom nie. Hulle het gesê: "Ons sal 'n towerspreuk oor daardie diens uitspreek vanmiddag en daar sal niemand kom nie . . . " Nee, gesê: "Ons sal dit omwaai, met 'n storm." En die lug was net helder en skoon. Maar toe ons daar oorkant kom en begin sing het, en 'n groot sterk storm het opgekom. Daar was omtrent twintig aan my een kant, en twintig aan die ander. En hulle het almal deur hulle toordery gegaan en hulle vere met skêre geknip, en deur sulke dinge gegaan, om die towerspreuk uit te spreek. En, meteens, het daardie groot dertigduisend-tent begin bewe en skud, en die winde wat gewaai het. En ek het gepreek. En Iets het gesê: "Staan stil."

103 *Halleluja*! Ek sê nie verskoon my nie. Dit beteken: "Prys ons God!"

104 En God het daardie storm stilgemaak, laat terugbeweeg, om die pryse van God te sien, waar omtrent veertigduisend siele, daardie dag en nag, in die Koninkryk van God ingetrek is, daardeur. "Staan stil." Dis reg. Hy getuig.

105 Oorkant in Swede of Switserland . . . Wel, hier, sal ek sê, oorkant in Finland, eendag, het 'n klein dooie seuntjie langs die pad gelê, outomobiel het oor hom gery, sy liggaampie verbrysel. Hy was so stukkend, dat sy voet eintlik deur sy kous gesteek het. Die motor het hom omgery en hom opgegooi, soos 'n lappop soos daardie, en hom ver in die lug opgeskop en hom oor die pad gegooi. Sy oë het uitgepeul. Sy mond was oop. Sy tong het uitgehang en bloed het uit sy ore uitgeloop. Maar, twee jaar vantevore, het God die visioen gewys daarvan. En ek het nadergestap, so onnosel, en na die kind gekyk; huilend weggestap.

106 En die Here, of iemand, bonatuurlik, het hulle hande op my skouer gesit. Gesê: "Is dit nie die seun wat Ek jou gewys het nie?" O, wat 'n gevoel!

107 Daar het die burgemeester van die stad gestaan, die Hoofman, word hy genoem, en baie wat daar gestaan het. En God het hulle laat stilstaan, dat Hy Sy magtige Krag kon wys om die dooie op te wek, hom weer terug te bring na die lewe. "Staan stil." Glo God, en wees 'n getuie. Sy Woord is Ewig.

108 Dit was 'n paar dae gelede, toe ons was . . . Net om te sien hoe God dinge net so eenvoudig doen! En ons is so verbouereerd, tot ons kyk vir yslike groot dinge. Wees tevrede met klein goedjies. Hou Hom dop wanneer Hy Sy wonderlike werke doen, hoe Hy jou beskerm. Moenie ver bo–oor iets kyk nie; kyk hier onder.

109 Let op. Ek het dit begin dink, dat dit moontlik is dat, wanneer 'n mens, soos die apostels, en wanneer jy so naby aan God kan lewe; en God, deur Sy genade, deur jou werk; dat hoe meer van God jy kry, hoe meer goddelik word jy. Hoe meer Ewige Lewe inkom, hoe meer van die intellektuele druk Dit uit.

110 Nou, ek bedoel nie om 'n fanatikus te wees nie. Ek bedoel om 'n ware, verstandige, gesonde gelowige te wees. Sien? Nie 'n klomp isme nie, maar 'n baie standvastige, ware, verstandige, intelligente gelowige.

111 En kyk nou. Ek het dit sien werk. En om te dink dat, as jy in daardie kontak met God kom, dit word dat dit nie meer jou stem is nie. Dis nie meer jou gedagte nie. Dit word God se gedagte en God se stem. Jy is net 'n wynstok of . . . net 'n loot. Hy's die wynstok, en dis Sy Gees wat ingaan en krag gee. Solank jy jouself uit die pad uit kan kry, sal Hy dit volmaak, en dan kan jy 'n getuie wees.

Net soos Noag se ark 'n getuie was.

112 Soos Jesus 'n getuie van God was. Hy het so vol van God geword, totdat Hy en God een was. "God het in Christus gewoon, om die wêreld met Homself te versoen." Die einste uitdrukking, 'n man se werk verklaar sy karakter! Christus was God se werk. En Christus het God se karakter verklaar; Sy gevoel vir die siekes, Sy verlange om siele te red, totdat Hy selfs Sy Eie lewe gegee het. God se werk, God se karakter, was verklaar in Christus.

113 En as jy net jou eie intellektuele gedagtes kan leegmaak, en God die voorrang kan gee, kan Hy Sy karakter verklaar deur die werk van jou oorgawe. Maak leeg. Kry die wêreld, kry jou twyfel, uit die pad uit. As jy na die altaar toe kom om voor gebid te word, sê: "Ek sal opgaan en kyk of ek genees sal word," kan God nooit Sy werke verklaar nie. Jy moet jou eie denke uit die pad uit kry, en Hom jou laat vul.

114 Nou, die manier waarop ek hierdie dinge opgelet het; soos hierdie ou bul hierbo, wat my sou doodgemaak het daardie keer; soos daardie perdebye daaragter buite by die heining; soos baie ander dinge wat gebeur het; die beer in die woude. Dis 'n studie van die natuur. Dis iets wat gebeur.

115 Ek sê dit nou, verskoon dit, as 'n persoonlike ondervinding, maar ek wil julle vertel, omdat dit 'n moderne tyd is. Iemand het gesê: "O, wel, daardie dinge het gebeur destyds in die dae van die profete. In die dae . . . " Wel, God het voorbeelde gewys. Maar het julle geweet, God bou vandag 'n Kerk? Julle sê: "Wel, Hy het profete gehad. Hulle moes die Woord van God spreek." Maar, Hy het 'n Kerk van God, vandag.

116 Let op, daar's iets wat gebeur. Wens dit kan die heeltyd wees. Ek sou tot God dat dit die heeltyd kon wees, maar dit is nie. Dit kom net volgens Sy wil.

117 Nou, 'n paar dae gelede, of omtrent twee of drie weke gelede, het ek gebid vir mense met leukemie. Ek het gebid saam met mense, wat gewag het vir 'n visioen, wat siek is en ly. Vir baie wag ek al vir jare.

118 Byvoorbeeld, klein Edith Wright, kreupel. Ek onthou toe haar pappa sterwend gelê het, en God 'n visioen gewys het vir haar pappa, en Edith daar laat lê het.

119 Daar's 'n klein vroutjie, ek—ek reken sy's steeds hierbinne. Mev. Geiger, van Fort Wayne, jammerlike klein moedertjie, 'n jong vrou. Sy het geboorte geskenk aan 'n babatjie. En die babatjie was so groot; sy was so klein, dit het haar kanker laat kry. En God het haar genees van die kanker. Nou het sy amper 'n senuwee-ineenstorting gehad, van senuweeagtigheid. Sy's in die menopouse. En die arme klein dingetjie . . . En 'n baie getroue man. En die kêreltjie het oral heengegaan, gebid, en gesoek, en gehuil. En ek wat vir sulkes bid.

120 En weet julle wat het gebeur? Broer Wood daaragter, sy pa het afgekom, 'n Jehova Getuie. Broer Wood was 'n Jehova Getuie. God het getuig en Homself aan hom verklaar, deur sy kreupel seun, David, te genees.

121 Toe het sy broer afgekom. En sy broer het 'n onsedelike lewe gelei. En daar het die Heilige Gees omgedraai en hom bestraf. Die vrou gesien waarmee hy rondgaan, en hy het sy lewe oorgegee en elke duiwel uit hom laat uitgaan daardie dag. En hy gaan nou rond in die strate en doen alles wat hy kan, om God te dien, te getuig vir sy mense.

122 Toe, sy arme ou pappa, so eerlik as wat hy kan wees, in al sy sake as 'n boer, sovoorts. En toe sy pappa afgekom het, wou hy hê ek moet saam met hom gaan visvang, en ons het afgegaan na die meer.

123 Op pad soontoe, het 'n visioen gekom, daardie môre. En Hy het gesê: "Elke meer wat jy oorsteek en elke waterstroom, sal modderig wees; geen visvangs nie. Maar wanneer jy daar onder by die Wolfstroom kom, by die Dalleegte," gesê: "dit gaan mooi en blou wees. En jy het nog nooit 'n baber in daardie water gevang nie, maar jy gaan 'n hele string van hulle vang. En," gesê: "hulle

gaan een of twee kleintjies vang. En dan gaan jy 'n groot vis vang, met 'n skubbe-vis. Dit sal groot wees, van 'n spesie."

124 Ek het omgedraai en dit vir hulle aangehaal. Ek het die ou man se oë dopgehou, soos hy vir sy seuns kyk. Toe ons soontoe gegaan het en in die water ingegaan het . . . Elke meer was modderig, met die afgaan. Toe ons daar kom, was dit net so blou, dit het amper jou oë seergemaak. En ons het visgevang, en ons kon nie 'n baars, sonvis, of enigiets vang nie. En, meteens, het ek babers begin vang, en 'n hele string van hulle gevang. Party van hulle, vyf pond, elk. En partykeer twee aan een lyn, met stok en lyn. Ons het visgevang, en het 'n string visse gehad.

125 En die volgende oggend, het ek teruggegaan, om vis te vang. Ek het een yslike groot blouwang-sonvis gevang, was . . . of wat ons die rooipens-sonvis noem, die grootste wat ek nog ooit gesien het.

126 Toe, toe die man na my toe gekom het, het ek gesê: "Nou, meneer, die Bybel het gesê: 'As daar een onder julle is wat geestelik is, en 'n profeet, en wat hy sê gebeur, luister dan na hom. As hy nie . . . '" En ek het vier besondere profesië van die Jehova Getuies geneem en vir hom gewys dat geen van hulle gebeur het nie; elkeen van hulle het gefaal. Ek het gesê: "Nou, wat van die vis?"

127 En God het daardie visioen gewys, om daardie man te verander en hom om te draai, vir daardie een man, waar daar duisende in lyding gelê het. Dis die soewereiniteit van Almagtige God, om julle te laat weet dat Hy Sy dade deur Sy werk verklaar, en Sy karakter word deur dieselfde verklaar.

128 Kyk na die bad van Betésda. Julle sê: "Dit klink nie na God wat dit doen nie." Kyk na die kreupeles, verlamdes, swakkes, blindes, uitgeteerdes, wat gewag het. En hier kom Jesus reg daardeur, kleed vol krag; en geloop na 'n man toe, en na 'n man toe gegaan wat kon loop, enigiets kon doen wat hy wou, maar een of ander vertraagde siekte gehad het. En hom genees, en die res van hulle daar laat staan. Sien? Sy karakter. Hy wou Sy Kragte wys. Hy wou iets doen. Ja, die wêreld sou stilstaan, om dit op te let.

129 Nou let op, eergister, toe ons teruggegaan het. Ek het teruggekom, die Indianapolis byeenkoms, en gedink dat ek net 'n rukkie moes wegbly van die mense, totdat ek soort van uitgerus het, want ek sou twintig of dertig hê, 'n dag, van privaat onderhoude, en daardie visioene wat kom. Ek was net omtrent dood toe ek by die huis kom. Niemand weet wat ek deurgaan daarmee nie; niemand nie. Daar's geen manier om dit te verduidelik nie. Maar toe het ek en Broer Wood en sy broer, afgegaan onder na die plek, en om weer vis te vang, vir 'n dag en nag.

130 En daardie middag, aan die sit daaragter, het Broer Wood begin praat van 'n ou vrou wat destyds aan die Anderson kerk van God behoort het, hierbo, toe hulle in hulle fleur was. "Hoe goed!" Gesê hoe sy altyd daardie klein Jehova Getuie seuntjies geneem en hulle liefgehad het. En Broer Wood het vir sy broer, Lyle gesê; hy het gesê: "Lyle, sou dit nie nou wonderlik wees, as ons daardie ou suster kan gaan vind en haar laat weet ons is gered nie?"

131 Nou, daardie woord het God behaag. Na so lank oor God gepraat het, maar daardie woord het behaag. Daardie twee Jehova Getuie seuns, albei van hulle ou bejaarde mans, wat 'n ou vrou wou gaan soek en vir haar vertel dat hulle gered is, twee broers.

132 Toe hulle dit gesê het, het die Gees van God en Sy soewereiniteit op my geval, wat daar in die boot gesit het. O, ek wens ek kon die stem gehad het, op 'n manier, en ek kon dit in die mense se hart insink. Ek kon net so min myself beheer as wat jy na die maan toe kan vlieg; net deur daardie woord. En ek het gesê: "Kêrels, daar gaan iets gebeur. Dis 'n klein diertjie van 'n soort. Dit sal teruggebring word na die lewe. Daar gaan lewe daaraan verbonde wees. En julle sal dit onmiddellik sien."

133 En ek het gedink: "Wat het ek nou gesê?" En ek het aan 'n paar dinge begin dink. "Wat het my dit laat sê?" Geen visioen nie. Dit was net Iets wat gespreek het. Wat was dit? Dit was nie my intellektuele nie; ek kon nie eers aan so-iets dink nie. Dit was aan die onderkant daarvan. Dit was in die hart waar God ingekom het. Hy het die praatwerk gedoen. Ek het nie, het nie eers aan so-iets gedink nie, en Dit het gespreek.

134 Ek dink dit is waar Jesus gesê het: "As julle glo in julle hart, en vir hierdie boom sê, of vir hierdie berg. En dan nie twyfel nie, maar glo dat, wat jy gesê het, sal gebeur, sal jy verkry net wat jy gesê het."

135 Daar's my punt. Kom by daardie plek, tot waar dit Iets is, nie jouself nie. Dis Iets bokant jou denke, wat dit spreek. Ons het voortgegaan.

136 Ter afsluiting, sal ek dit sê. Broer Wood en hulle wat hier sit as 'n getuie. Die volgende oggend . . .

137 Daardie nag, het ons gegaan, en die Here het vir ons 'n wonderlike nag van visvang gegee. Niemand het enige vis gevang nie . . . En ons het drie daar gevang, binne net 'n paar minute, en die drie het amper twintig pond geweeg. En ons het net groot stringe vis gehad.

138 Die volgende oggend, het ons teruggegaan en het die vars ase aan die lyn gesit, en nie een vis nie. Dit was verby. Ek het gesê: "Laat ons in hierdie baaitjie ingaan en 'n paar minute rus, broers. En ons sal blouwang-sonvisse probeer vang, met 'n vlieglyn."

139 Ons het teruggegaan daarnatoe en het blouwang-sonvisse probeer vang, agter in die klein baaitjie, met ons boot. En elke keer, het ons net lank genoeg gestop, die motor sou stop. Ons het nie visgevang nie; ons het oor God gepraat.

140 En Mnr. Lyle, wat nou is . . . Hy het na sy suster toe gegaan, haar uit Jehova Getuie probeer uitkry. En sy het vir hom vertel—sy het vir hom vertel hy het na duiwels geluister; dat ons duiwels was.

141 Gesê: "Lyle, jy weet beter as dit. En al hierdie sekere dinge."

142 Toe, het Lyle 'n klein blouwang-sonvissie gevang, omtrent soos *dié*. En hy het gepraat, so hy het die klein kêreltjie die groot hoek laat insluk. Dit het reg in die maag van die klein vissie ingegaan. En toe hy dit beetgekry het, kon hy dit nie uittrek nie. So hy het dit net in sy hand gedruk, dit omgedraai en die binnegoed daaruit getrek. Moes hierdie hoek uit die mond kry, want as hy die hoek afgeknip het, sou dit . . . dooie vis, sou in elk geval doodgaan. En hier is die woorde wat hy gesê het: "Jy het beslis jou doppie geklink, kleintjie," en hom in die water gegooi.

143 En hy het drie of vier keer gespartel, en het afgesirkel deur die blou waters, totdat hy die bodem getref het. Net 'n paar minute daar gelê. En hy het weer opgekom, bo–op die water, en drie of vier keer gespartel. Sy klein vinnetjies het verstyf, soos *daardie*, op sy sy gedraai, opgekrul. En vir omtrent twintig minute, terwyl ons visgevang het, het hy klaar weggedryf in die wildernis in, agter die opdrifsels in. En ek . . .

144 En iemand het gesê: "Daardie vissies is regtig besig om 'n onbyt te hê, aan die eet?"

Ek het gesê: "Ja. Dis reg."

145 En ons het gesê: "O, is God nie groot nie!" En Broer Wood het gesê: "O, dis so goed, Broer Branham! Ons het die voorreg om hier saam met jou te wees." [Leë kol op band—Red.]

146 "O," het ek gesê: "moenie so dink nie, Broer Wood. Hierdie," het ek gesê: "dis nie 'n—dis nie die heilige berg nie. Dis nie die heilige plek nie. Dis die heilige God. Nie 'n heilige man nie, maar 'n heilige God." [Leë kol op band—Red.]

147 En terwyl ons gepraat het, het Iets oor my beweeg. [Broer Branham slaan twee keer op die preekstoel—Red.] Gesê: "Ek gaan nou My Krag wys." Voor ek geweet het waarvan ek praat, het daardie Skrif in my gedagte opgekom: "Wat jy ook al sê, glo dat dit sal gebeur, in jou hart. Sê dit, en jy sal verkry wat jy sê." Ek—ek kan net amper . . . Dit het uit my uitgevloei.

Ek het gedink: "Wat is hier aan die gang?"

148 Lyle en Banks wat daar sit. Ons het visgevang. Die klein, dooie vissie wat gelê het, omtrent twintig minute, heeltemal opgekrul daar, het teruggedryf in die plek in; sy binnegoedjies wat by sy mond uithang. En ek het na daardie vissie gekyk, en die

gedagte het by my opgekom: "Hy het vir die vissermanne gesê: 'Gooi uit aan die ander kant van die boot.' Hulle het Sy Woord geneem. Petrus het gesê: 'Here, ons het heelnag visgevang, en niks gekry nie. Maar, op U Woord, sal ons die net uitgooi.'" Daar is dit: "Op die Woord!"

149 Iets het vir my gesê: "God ken die vis. Spreek net die Woord en kyk wat gebeur met daardie vis."

150 Ek het gesê: "Klein vissie, in die Naam van Jesus Christus, word weer lewendig."

151 En God, as my plegtige regter, met daardie twee mans wat daar gestaan het, het daardie vissie op sy sy gedraai en weggeswem van daar af, so vinnig as wat hy kon, weer lewendig. "Spreek die Woord!" Almagtige God, soos ek hier voor Hom staan in die teenwoordigheid van hierdie geselskap en hierdie Bybel, weet dis die waarheid.

152 Wanneer mense besig is om dood te gaan, en tog het God Sy Krag gewys vir daardie Je–. . . vir Jehova Getuies, dat Hy die opstanding en die Lewe is, en daar's niks waarvan Hy nie weet nie. "Julle sê, en glo dat wat jy sê sal gebeur, sal jy verkry net wat jy sê."

153 Wat was dit? God wat Sy Krag wys; nie ek nie, net 'n wynstok. . . of 'n loot. Hy het krag aan die loot gegee sodat hy nie kon keer om daardie stemme te laat hoor nie. Wat sou ek ooit gedink het aan 'n klein, dooie vissie wat daar lê, wanneer ons hulle selfs opgesny en as aas aan die lyn gehad het? Daardie klein vissie wat daar gehang het, daar dood gelê het.

154 Mnr. Wood en hulle wat net hier sit, nou na my kyk, 'n getuie daarvan. En die Gees van God het afgetrek deur daardie vallei, totdat jy gedink het die Wegraping het gekom. Selfs, tot, Mnr. Wood het uitgeskree en gesê: "O, dis goed om hier te wees!" Gesê: "Broer Branham, ons is so bly om hier te wees!" Die enigste uitdrukking wat hulle kon gee was teenoor my, as hulle broer. En ek het vinnig omgedraai. . . Want, hulle het gesien dat God my gebruik het om lewe te spreek vir 'n vis.

155 En, nou, dit klink kranksinnig, maar dis dieselfde God wat lewe gespreek het vir 'n dooie buidelrot, wat daar gelê in die agterplaas. [Broer Branham het ses keer op die preekstoel geslaan—Red.] Hy's Alfa en Oméga, die Begin en die Einde. Hy's die Lewe, die opstanding. Hy's die Krag, die ewige Een. Dieselfde gister, vandag, en vir altyd!

156 Dit laat my dit weet, dat eendag, wanneer die lewe uit hierdie sterflike liggaam uit is, en ek lê oorkant, stil, as Hy geïnteresseerd is in 'n vis, is Hy sekerlik geïnteresseerd in my en jou, wat Hom probeer dien. En een glorieryke dag sal Hy kom. Nie die loot nie, maar die Wynstok self sal spreek, vanaf Sy hoofkwartiere in die Heerlikheid, en hulle wat ontslaap het in Christus, sal opstaan en na ewigdurende Lewe toe gaan.

157 Wat 'n gevoel! Niemand kon dit beskryf nie. Wanneer jy 'n dooie vis sien lê op die water, met sy binnegoed deur sy mond getrek, deur 'n groothandige man wat die vis gedruk het, soos *hierdie*, en dit gevat het en dit geskeur het. En jy kon dit hoor skeur, toe hy die binnegoed uit die vis geskeur het. Die klein kêreltjie in die water gegooi. Hy het vier of vyf keer gespartel, en omgedop, en dit was dit. Om daardie klein kêreltjie, net binne 'n oomblik na die spreek van daardie woord, [Broer Branham klap sy vinger een keer—Red.] homself te sien terugswaai na gesondheid, net so lewendig as wat hy ooit was, en te swem deur daardie water, net so vinnig as wat hy kon gaan, om weer uit te gaan om by sy mede-visse aan te sluit.

158 Hy is God. Hy het geweet daardie vis was daar. Net soos Hy geweet het daardie een het 'n muntstuk in sy bek gehad. Net soos Hy geweet het hy sou gooi . . . As daardie mense, hulle sê . . . In Markus, die 5de hoofstuk, het Dit gesê Jesus het Petrus se boot daar geleen en uitgegaan om vis te vang. Nou, Hy het gesê: "Laat sak vir die vangs." Wanneer hulle gevang het, wanneer . . . Hulle selfs geweet het hulle het heelnag visgevang en niks gevang nie. Net soos ons dieselfde gedoen het, en niks gevang het nie. Maar, God wou sien of hulle Sy Woord sou neem, so Hy het gesê: "Laat sak die net vir die vangs." As daar geen vis daar was nie, sal deur God op Sy Woord te neem, hulle daar sit. Dis al wat dit was.

159 Dan, daardie selfde God, in Sy selfde karakter wat in die begin was, is dieselfde God deur dieselfde karakter vandag. Hy's die Eerste, die Laaste. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hy is steeds God.

160 So, julle wat hier is vanmôre, en voor gebid is, laat ek vir julle iets vertel. Deur hierdie getuienisse te sien; en God getuig of hulle waar is of nie. Dis reg. Julle soek na groot dinge. Julle probeer kyk oor 'n yslike groot iets hier oorkant, wanneer dit reg langs julle is. Dis reg. Dieselfde God wat 'n honger in julle siel gesit het, om te kom om voor gebid te word, is presies dieselfde God wat lewe in daardie vis gegee het; presies dieselfde God wat daardie bul in die veld gestop het; presies dieselfde God wat daardie maniak neergefel het daar in my teenwoordigheid; dieselfde God wat Daniël uit die leeukuil gebring het; dieselfde God wat gesê het: "Gooi julle nette uit aan hierdie ander kant, en laat sak vir die vangs." Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

161 Sy werke kan nie faal nie. Sy karakter kan nie faal nie. En Sy werke verklaar Sy karakter, so Hy het opgestaan vandag en Hy is hier in ons midde, dieselfde gister, vandag, en vir altyd. En ons is getuies van Sy karakter.

162 Sy karakter het my verander. Toe dit na my toe gekom het, ek was eenmaal 'n sondaar; en nou is ek gered. Ek was eenmaal verlore; nou is ek gevind. Ek het eenmaal die dinge van die wêreld liefgehad; ek haat dit nou. Ek het eenmaal nie omgegee vir God

nie; nou is ek lief vir Hom. Iets het met my gebeur. Iets het met jou gebeur. Wat is dit? Dis God se werk wat Sy karakter verklaar.

163 Hy het ons lief. Hy's geïnteresseerd in jou welstand. Hy's geïnteresseerd in jou genesing. Hy's geïnteresseerd in jou siel. Sal jy Hom nie Sy gang laat gaan in jou lewe nie? Moet jy Hom vir niks betwyfel nie. Gaan jy, en glo in Hom, en God sal jou die begeerte van jou hart gee, want dis Sy goeie wil om dit te doen. Hy verlang om dit te doen. Maar, die probleem is, ons raak heeltemal verbouereerd. Staan stil!

164 Kyk daarna, sê: "God, dit beteken ek. Maak nie saak wie vir my bid, wat vir my bid nie." Dit verg nie 'n Oral Roberts, 'n Billy Graham, of 'n William Branham, of 'n A. A. Allen nie. Dit verg God. Dis reg. Dit verg jou geloof, oorkant geanker in God.

165 Sê: "God, Dit is die Waarheid, en daar alleen staan ek." En laat—laat dit *hier*binne bly, totdat dit inval *hier*in, van jou kop na jou hart, wees. . .en 'n werklikheid word, dan sal dit werk. Dit kan net werk as dit na die hart toe kom.

166 Die Here seën julle nou, terwyl ons ons hoofde buig. Plaas jou begeerte op jou hart. Plaas dit voor God, net nou, (Sal julle dit doen?) terwyl ons bid. As dit vir verlossing is, as dit is vir. . . Waarvoor dit ook al is, plaas julle dit voor God net nou, terwyl ons bid.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
Redder van God;
Hoor my nou soos ek bid,
Neem al my skulde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

Wyl ek lewens donker doolhof bewandel, (Word nou stil.)
En droefheid my omhul,
Wees U my Gids;
Laat duisternis verander in dag,
Vee al my vrese weg,
Ook laat my nooit afdwaal
Van U af weg.

167 [Broer Branham begin neurie *My Geloof Kyk Op Na U*—Red.]

168 Geseënde Here, ons kan sê soos hulle wat op die berg gestaan het daardie dag, en gesê het: "Dis goed vir ons om hier te wees. En ons sou drie tabernakels wou bou, pastore in elkeen sit." Maar die Stem het gou omgedraai en gesê: "Luister na Hom. Hy's My Seun." Nou laat ons wegdraai van pastore, van die Mosesse en Elías, en van die groot manne van die aarde, hoewel ons dankbaar is vir hulle almal. Maar, U het vir ons gesê om na Hom te luister.

169 En Sy Woord het dit gesê, (nie die pastoor se woord nie, ook nie die evangelis s'n nie): "Wat julle dan ook al nodig het, wanneer julle bid, glo dat julle dit ontvang, julle sal dit verkry. As julle vir hierdie berg sê: 'Word opgehef, en in die see gewerp,' en nie in jou hart twyfel nie, maar sal glo dat, wat jy sê sal gebeur, sal jy verkry net dit wat jy sê." Sal nie noodwendig onmiddellik wees nie, dit was ook nie onmiddellik vir Abraham en Sara nie.

170 Maar U het gesê: "As jy sal glo dat, wat jy sê sal gebeur, sal jy verkry net wat jy sê." Nou, Vader, hier is ons gebed. Neem ons net nou. Neem ons harte in U hand en druk hulle baie styf vas met liefde, om al die vrees en ongeloof uit hulle uit te druk, om hulle hol en leeg te maak. En vul hulle dan onmiddellik met U Gees, soos die teer en pik in die ark ingegaan het, om te keer dat vrees en twyfel ooit weer in ons harte inkom. En maak ons U vakmanskap, dat U U karakter mag verklaar, aan die wêreld, deur ons, as geskrewe briewe, gelees deur alle mense.

171 Mag elkeen wat was . . . gesalf is. Dis wat U gesê het om te doen. Mag hulle genees word, vandag. Vanaf elke persoon, vanaf die gewone tandpyn, na die blinde, beproefde, of wat dit ook al mag wees, mag daardie geloof nou anker in daardie hart wat gevrees en getwyfel het, toe dit ingekom het.

172 En, O God, ek onthou altyd . . . Ekself, ons drie mans; soos Petrus, Jakobus en Johannes gestaan het op die Berg van Verheerliking en gesien het wat U daar gedoen het. Ons sal nooit daardie baaitjie daaronder in Fannystroom vergeet, solank as wat ons geheues en herinneringe het nie. Dit mag miskien nie veel vir die wêreld beteken nie, maar toe ons die almag van God gesien het, die alomteenwoordigheid van die lewende God, wat afbeweeg en genoeg simpatie met die mensdom gehad het, om U Krag te wys, deur die klein vissie wat dood was op die water, weer terug te bring na die lewe, dit gaan reg oor die kop van 'n skeptikus of 'n ongelowige. Maar, hoe dit registreer in die Christenhart!

173 Ons weet dat U God is. U is dieselfde God hier in hierdie vertrek vanmôre. Hoeveel meer gee U om vir hierdie mense in hierdie vertrek, van mans en vroue, as wat U omgee vir 'n klein vissie! Wat het daardie klein vissie vir U beteken? Niks; net U werk verklaar. En ek bid, God, dat U U werke sal verklaar in elke man en vrou, seun en meisie, hierbinne vandag.

174 As daar sommige hier is, Here, wat U nie ken, as hulle Verlosser nie, nog nie ervaar het nie, en hulle hart wil leegmaak, vandag, van al die dinge en die gemors van die wêreld, dat U hulle hart mag vul met liefde, soos Noag die ark met die pik gevul het, bid ek dat U met hulle sal wees, in hierdie vlietende minute nou, wat oor is in die program. Skenk dit, Vader, deur Jesus se Naam.

En terwyl ons hoofde gebuig is:

Mag U ryk genade skenk
Krag aan my swakke hart,
My ywer inspireer!

175 Nou as jy wil hê Christus moet, terwyl hulle sing, jy jou hart wil leegmaak, vanmôre, en God jou laat neem net soos jy daar is, sal jy jou hand opsteek na Hom. Sê: "Onthou my." God seën jou, meneer. En jou, meneer. Jou, suster. Jou, broer. Jou. Iemand anders, daar aan my regterkant? Steek jou hand op. God seën jou, suster. Iemand anders sê: "Ek wil my hart leegmaak." God seën jou, suster, daaragter.

Laat my van vandag
Net Uwe wees!

176 Wil iemand anders hulle hand opsteek nou, net voor gebed?

177 Vader, God, U het elke hand gesien. Sewe of agt, tien hande het opgegaan. Hulle gooi nou al hulle vrese en ongeloof uit. Hulle maak nou aanspraak op U as hulle algenoegsame Een, as hulle Minnaar, as hulle Verlosser, as hulle Geneser. Alle twyfel en vrese, wil hulle hê, moet van hulle weggeneem word. Ek bid dat U dit sal toestaan, Here, deur U groot genade. Laat dit net vandag gebeur.

178 U kon Lewe spreek vir 'n vis; Lewe spreek vir 'n dooie seuntjie; lewe spreek vir Elij' Perry wat daar dood gelê het, en sy hande gevou; lewe spreek vir 'n klein, dooie babatjie oorkant in Mexiko; lewe gespreek het oorkant vir Lásarus, nadat hy vier dae dood was. Hoeveel te meer kan ons ons stand inneem, vandag, op die Rots van Sy Ewige Woord, en verby hierdie skaduwee van twyfel kyk, na Hom wat gesê het: "Ek is die opstanding en die Lewe." Mag geloof nou sy rusplek neem op Hom, daardie vaste Rots, Christus. En mag hulle alles ontvang waarvoor hulle gevra het. Hoor ons gebede soos ons bid in Christus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

179 Nou terwyl ons weer sing, skud hande met iemand naby jou. Sit net stil nou, ons is . . . Die diens is nog nie verby nie, sien.

Ek het Hom lief, . . .

180 [Broer Branham verlaat die mikrofoon en praat met iemand—Red.]

My verlossing gekoop het
Op Golgóta se boom.

181 Voel julle heeltemal uitgeskuur? Voel julle beter nou? Voel julle asof die Woord . . . Dis—Dis—Dis—Dis die reinigende Bloed

van die Here Jesus, wat reguit na die hart toe gaan, ons reinig van alle sonde en ongeregtigheid.

> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota se boom.

Nou, Broer Neville.

Glo Uit Die Hart AFR57-0623
(Believe From The Heart)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 23 Junie 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org